HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Nuusbrief 8/2021

8 Junie 2021

Liewe ouers, leerders en personeel

Ek vertrou dat dit goed gaan. Graag versoek ek alle ouers, leerders en personeel om by die Covid-protokol te hou. Ons wil graag aan elke leerder die geleentheid bied om die jaar sonder onderbrekings te voltooi.

Graag bring ek die volgende inligting onder julle aandag:

1. **Junie-assessering**
   Daar is koerantberigte wat berig het dat daar geen Junie-eksamen gaan wees nie. Die proses van afhandeling en hantering van die eksamen word in **Assesseringsbestuurs-minuut 0007/2021** van WKOD verduidelik.

   Ons het reeds aansoek gedoen om voort te gaan met die eksamen. Dit is van kardinale belang dat ouers moet besef dat die Junie-eksamen/toetsreeks is om leerders voor te berei vir die einde van die jaar se eksamen.

   Die direkteur-generaal van die Departement van Basiese Onderwys, mnr. Hubert Mweli, het in 'n vergadering met hoërskoolhoofde gesê dat die verskraalde kurrikulum, wat as gevolg van die pandemie ingestel is, die minimum vereistes is. Hy verwag dat skole nie die minimum sal doen nie, maar alles in hulle vermoë sal doen om leerders vir verdere studies en die volwasse lewe voor te berei. Dit is hartseer om te verneem dat een van ons ouers by die provinsiale minister gaan kla het, dat Hoërskool Outeniqua nie die assesseringsprotokol reg toepas nie, deur eksamen te skryf.

   Die Junie-eksamen bied aan veral gr. 11- en 12-leerders die geleentheid om hulle punte te verbeter. Universiteite het in sekere gevalle vir gr. 12-leerders uitstel gegee om na die halfjaar-eksamen aansoek te doen. Die besluit om eksamen in Junie te skryf is in beste belang van die leerders gedoen.

   Die Junie-eksamen tel nie vir die meeste vakke se SBA-punte (Jaarpunt) nie. Daar is egter sekere vakke wat hulle assessering vir die SBA-punte met die eksamen kon kombineer. Die skool gebruik natuurlik die Junie-eksamen se punte vir 'n gedeeltelike bydrae vir prestasietoekennings.

   Hoërskool Outeniqua volg die assesseringsriglyne van die Departement van Basiese onderwys. Leerders moet egter die Junie-eksamen sien as 'n voorbereiding vir die September- en eindeksamen.

   Aangeheg Assesseringsbestuursminuut 0007/2021.

2. **Veranderde rooster vir matrieks**
Die WKOD bepaal ten opsigte van ons huidige situasie twee aspekte wat nie met mekaar versoenbaar is nie.
2.1. Alle matrieks moet elke dag by die skool wees.
2.2. Matrieks moet ten alle tye 1meter van mekaar sit.

Ongelukkig kan 'n skool met meer as 300 matrieks nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie. Ons is deur die Departement van Gesondheid en die Onderwysdepartement se distrikskantoor in kennis gestel dat matrieks moet soos die ander grade 1meter uitmekaar sit.

Na samesprekings met vakhoofde en vergaderings van vakspanne is daar besluit dat die volgende reëlings vir die matrieks vir die res van die kwartaal en vir die derde kwartaal geld:

(a) Die matrieks kom vanaf Maandag 14 Junie in hulle onderskeie groepe skool toe. (Geelgroep is Maandag 14 Junie 2021 by die skool)
(b) Matrieks wat Wiskunde, IT, Fisiese Wetenskappe, Landbouwetenskap en Lewenswetenskap het, kom elke dag skool toe. Hulle sal in groter lokale, sodat hulle 'n meter uitmekaar sit, geakkommodeer word. Dit wil sê leerders wat bogenoemde vakke het, kom elke dag skool toe. Hulle het andersins nie genoeg tyd om die sillabus af te handel nie.
(c) Leerders wat dus net vir twee of dalk drie of selfs vier periodes inkom, moet steeds by die Kunssentrum skandeer.
(d) Leerders sal in die periodes wat hulle nie klas het nie, saal toe gaan vir studie en die afhandeling van take.

Ons besef dit is weer vir ons leerders en ouers 'n erge ontwrigting. Ons doen 'n beroep op elkeen om in hierdie omstandighede selfdissipline aan die dag te lê en te sorg dat maksimum tyd in die klasse produktief aangewend word.

3. **Privaat matriekafskeid-partytjies**

Ek herhaal weer dat Hoërskool Outeniqua graag 'n matriekafskeid vir die huidige matrieks wil aanbied. Die infeksiekoers is egter baie hoog en ons besef al hoe meer dat daar 'n groot uitdaging voorlê. Die beplande datums is 1 en 2 Oktober. Ons kan egter nie dit met 100% sekerheid sê nie. Indien die regering ons op 'n hoër vlak van inperking plaas mag ons nie die matriekafskeid aanbied nie. Die skool kan ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir kostes wat ouers ten opsigte van rokke, pakke en motors aangaan en die funksie word dalk gekanselleer.

Daar is ouers en leerders wat versoek dat hulle self hulle eie matriekafskeid reël. **Die skool kan nie vir sulke funksies toestemming gee nie.** Ouers moet mooi dink voor hulle betrokke daarby raak. Maak asseblief seker van die volgende:

1. Wie neem verantwoordelikheid vir die algemene veiligheid van die gaste?
2. Wie neem verantwoordelikheid as daar deur van die gaste alkohol misbruik word?
3. Wie neem verantwoordelikheid as daar na die funksie 'n groep matrieks nie eind-eksamen kan skryf omdat hulle positief getoets word vir Covid 19 nie?

Die kern van die moeilikheid by Hoërskool Brackenfell verlede jaar was dat die uitnodigings deur leerders by die skool aan ander leerders uitgedeel is. Sodra dit 'n matriekfunksie van die Hoërskool Outeniqua genoem word, is dit 'n skoolfunksie. Die skoolbestuur en beheerliggaam kan nie vir die tipe funksies verantwoordelikheid aanvaar nie.

In 2013 het 'n groep matrieks, saam met ander skole se leerders, 'n "after party" gehou en hulle sleg gedra. Dit het verskeie vergaderings en persverklarings geneem om die situasie onder beheer te kry. Ouers en leerders moet asseblief nie by sulke funksies betrokke raak nie.

Ons vertrou dat die skool die geleentheid sal hê om vir die matrieks 'n afskeid te hou. Indien leerders by so 'n funksie siek gaan word, word dit die skool se probleem. Gaan kyk gerus na die video van Hoërskool Noord-Heuwel se hoof, wat nadat daar "40-days"-partytjies gehou is, moet poog om matrieks vir die halfjaar-eksamen gereed te kry.

Kwagga groete

C. P. Vorster
Skoolhoof

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Assesseringsbestuur

Verwysing: 20210526-3348
Lêerno.: 13/1/1
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0007/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Voorbereidingsoefening vir graad 10- tot 12-eksamen

1. As gevolg van klasse wat by baie skole om die beurt roteer, word leerders in alle grade by hierdie skole deur die verlies aan kontaktyd vir leer en assessering nadelig beïnvloed.

2. Die jaarlikse onderrigplanne (JOP) en die assesseringsprogram (AP), maak voorsiening vir die aflê van beheerde toetse vir die halfjaarlikse assessering vir graad 10 en 11. Die aflê van beheerde toetse is verpligtend, aangesien dit die voorsetting van onderrig en leer verseker.

3. Baie prinsipale het hul kommer uitgespreek oor die gebrek aan oefeninge om leerders vir die eksamen voor te brei.

4. Dit is 'n feit dat 'n gebrek aan oefeninge om vir die eksamen voor te berei, 'n nadelige uitwerking op die voldoende voorbereiding van leerders, die eksamen en leerderprestasie het.

5. Daarom is die Wes-Kaap Onderwysdepartement van mening dat skole 'n program in ooreenstemming met die omstandighede in hul skole moet opstel om graad 10- en 11-leerders vir die eksamen voor te berei.

5.1 Skole kan die eksamen in kwartaal 2 laat aflê om graad 10- en 11-leerders vir die eksamen voor te brei, met dien verstande dat die eksamen nie onderrigtyd ontwrig nie. Prinsipale en onderwysers mag hul diskresie gebruik om die vakke te kies.

1 North Wharf Square, Laer Loopstraat 2,
Foreshore, Kaapstad, 8001
tel: +27 21 467 2000

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
Veilige Skole: 0800 45 46 47
wcedonline.westerncape.gov.za

5.2 Waar skole die formaat van die beheerde toets vir graad 10 en 11 wil aanpas om vir die eksamen voor te berei, moet die gewigswaarde vir die eksamen in 'n vak dieselfde wees as die gewigswaarde wat aan die beheerde toets vir die vak toegeken word.

5.3 Toestemming vir die aflê van die eksamen, moet by die distriksdirekteur aangevra word; 'n geskikte motivering moet verskaf word en die maksimum benutting van onderrigtyd moet gewaarborg word.

6. As 'n skool 'n halfjaareksamen vir graad 12-leerders wil laat aflê, kan die uitslag van so 'n eksamen nie deel van die skoolgebaseerde assesseringspunte (SGA) uitmaak nie, aangesien JOP en AP nie vir 'n halfjaareksamen vir graad 12 voorsiening maak nie.

7. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 10- tot 12-leerders, onderwysers en ouers te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-05-31